Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

*IAFRHL1*

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (30)

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**DIE WILDE WESTE VAN SOSIALE MEDIA**

*Die anonimiteit van die internet kan van die makste mens ŉ monster maak.*

1 Wie is jy wanneer niemand kyk nie? Wanneer jy die oggend alleen opstaan, hare deurmekaar, oë dik en net jy jou eie gedagtes kan hoor. Sal jy bereid wees om daar en dan ŉ foto te neem en dit op Facebook te laai? Min mense sal, <u>want oor die internet is almal iemand anders</u> – gereeld op vakansie, eet net die beste kos, en almal beoefen #positiewedenke. En die teenoorgestelde geld ook. Die teruggetrokke meisie plaas ŉ foto van haarself halfkaal op Instagram; die beskermende pa deel seksistiese grappies; en die hordes sweep mekaar op en lewer rassistiese kommentaar op nuusstories.

2 <u>Die masker van anonimiteit het die mens nog altyd laat kop verloor – of dalk eerder net die sosiale en etiese reëls laat wegval om die "ware" mens na vore te bring.</u> Tydens die Venesiese karnaval wat in 1162 begin het, het dié met maskers gedink hulle kan met enigiets wegkom: dobbelary, prostitusie, aanrandings en diefstal was algemeen. Eindelik is die tradisionele Venesiese maskers wat ons vandag ken jare lank verbied.

3 Só sien ons ook hoe mense dapperder is met die masker van anonimiteit oor die internet. Hulle is meer onbeskof, gebruik dit as ŉ uitlaatklep vir hul eie frustrasies en kla makliker, want daar is geen nagevolge soos daar in die alledaagse lewe is nie. As jy ongeskik is met iemand in die regte lewe sal jy skeef aangekyk word, die ander persoon sal jou dalk ook slegsê, of jy sien hul reaksie as jy hulle seermaak – daar is ŉ onmiddellike uitwerking. In sosiale media stuur jy iets die wêreld in en jy sien nie die reaksie nie, jy kan dit ignoreer of, nog erger, ander volg jou slegte voorbeeld en dit staaf jou optrede. Sommige mense is juis negatief omdat dit meer aandag kry, al is dit slegte aandag. Boonop is almal "gelyk" oor die internet – pres. Trump van Amerika en Pietie van Pofadder het dieselfde mondstuk.

4 Daar is twee sielkundige verskynsels hier ter sprake: Diffusie van verantwoordelikheid waar mense in groepverband dink dis die groep wat iets lelik sê of doen en nie die "ek" nie; en onkritiese voldoening aan groepsnorme waar jy glo dat ŉ groot groep mense seker reg is, eerder as om jou eie kritiese denke te vorm. Dus die mens glo nog altyd daar is veiligheid in anonimiteit en skares.

5 Om "in te pas" is meer as net ŉ tienerdroom. Dis instink, want vir die mens om te oorleef en te floreer was dit nog altyd noodsaaklik om in groepe saam te kan werk. Een van die mens se grootste vrese is om verwerp te word. Ons maak dus seker dat ons net die beste weergawe van onsself vir ander mense wys – die kant wat hulle glo aanvaar sal word en nie geoordeel sal word nie.

6 Die internet bied so vir talle ŉ uitlaatklep, ŉ plek waar jy óf jou ware self óf iemand heel anders kan wees. ŉ Groot gevaar van sosiale media is dat dit aanvaarding vir daardie persona kan bied. Hoe meer *likes* jy kry, hoe ŉ groter "sukses" is die aanlyn jy. Elke *like* is ŉ beloning en in jou brein volg dieselfde chemiese reaksie as wanneer jy fisiek beloon word. Mense raak verslaaf daaraan. Dit word sosialiseringsteorie in die sielkunde genoem. Dit beteken dat ons onsself nie sien soos ons is nie, maar eerder soos ons dink ander mense ons sien. Ons selfbeeld is dus ŉ spieëlbeeld van die reaksies, terugvoering en oordeel van die mense om ons. Vir ŉ tiener kan dit gevaarlik wees. Jongmense gebruik dit as't ware as ŉ rolmodel en bou hul persoonlikheid om dit wat ander mense *like* – iets wat narsisme (sieklike liefde vir die self) tot gevolg kan hê.

7 Dié vergelykings met ander mense kan depressie veroorsaak. Elkeen het ŉ unieke sosiale "horlosie", ŉ tydlyn van verwagtinge. Teen dié ouderdom moet ek só lyk, hierdie bedrag verdien of daardie soort lewe lei. Dan sien jy ander se foto's en inskrywings en jy glo jy is agter. Navorsing wys ŉ sterk verband tussen ongelukkigheid en die getal ure wat jy op sosiale media deurbring.

8 Sosiale media bied ook baie voordele, as jy dit reg gebruik. Balans is, oudergewoonte, die wagwoord. Ouer mense, wat nie met dié tegnologie grootgeword het nie, kry dit moontlik beter reg. Hulle tref byvoorbeeld duideliker onderskeid tussen hul private en openbare lewens en is ook meer kieskeurig oor wat hulle deel. Vir jongmense is die lyne nie duidelik nie. Die sosiale reëls van sosiale media moet nog vasgelê word. Sosiale media is só ŉ groot deel van ons lewens dat ons vergeet hoe nuut dit eintlik is. Mense het beter maniere as tien jaar gelede toe sosiale media net begin het. Dis ŉ leerskool en die gemiddelde mens moet nog gradueer.

9 Die nagevolge vir swak optrede word al hoe groter. As jy aansoek doen om ŉ werk, of enige iemand ontmoet, kan hulle jou gou daar opsoek en oordeel. Die goue reël bly steeds: behandel ander soos jy behandel wil word. "Plaas jouself altyd in die ander ou se skoen voordat jy uitlatings op Facebook maak, want die kans is goed dat hulle dit gaan sien of daarvan hoor. Net soos om die etenstafel is daar sekere onderwerpe wat jy liefs moet vermy – ras, geloof, politiek. Almal het ŉ sterk mening daaroor en jou uitlatings op sosiale media versprei baie vinniger en op ŉ groter skaal as by ŉ ete.

10 Hou dus ŉ wag voor jou mond en wees altyd hoflik – ook voor jy tik!

[Aangepas uit *Die Taalgenoot,* Somer 2018]

Kopiereg voorbehou 

**TEKS B: VISUELE TEKS**



<u>Sosiale media is ŉ wonderlike platform</u>
om gebeure met familie en vriende te deel
en selfs om lang verlore bekendes te herenig,
MAAR dit hou ook daadwerklike gevare in
en kan verkeerd aangewend word tot nadeel van ander …

[Aangepas uit *www.it-hummingbird.co.uk*]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Wat impliseer die skrywer met die subopskrif? (1)

1.2 Verduidelik hoe paragraaf 1 die titel en subopskrif ondersteun. (2)

1.3 Waarom sou mense se optrede volgens paragraaf 2 só verskil van hul ware persona? (2)

1.4 Herlees paragraaf 3.
Wat is die gevare van hierdie anonimiteit? (3)

1.5 Noem die TWEE verskynsels wat sielkundiges identifiseer het as die oorsake van hierdie gedrag EN verduidelik wat elkeen behels. (4)

1.6 Dis nie net tieners wat ŉ behoefte het om 'in te pas' nie. Gee ŉ bewys vir hierdie stelling uit paragraaf 5. Op watter wyse gaan die mens te werk om dit te laat realiseer? (2)

1.7 Is daar motivering in die teks vir die onderstreepte sin in paragraaf 2? Motiveer jou antwoord met behulp van paragraaf 6. (1)

1.8 Noem uit paragraaf 6 DRIE gevare van sosiale media wat 'n verwronge selfbeeld tot gevolg kan hê. (3)

1.9 Wat behels die sosialiseringsteorie volgens sielkundiges en waarvan is dit 'n spieëlbeeld? (2)

1.10 Die getal ure wat 'n mens op sosiale media deurbring bepaal jou ongelukkigheid. Waarom kan dit as 'n feit beskou word? (1)

1.11 Waarom kan aanvaar word dat ouer mense, wat sosiale media betref, 'n beter balans kan handhaaf? (2)

1.12 Tieners word deur die gevare van sosiale media afgeskrik. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer. (1)

1.13 Dink jy die slotsin is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.14 Motiveer waarom Teks A by Teks B aansluit. (1)

1.15 Wat is die verband tussen Teks A: die eerste sin van paragraaf 6 en Teks B: reël 1? (2)

1.16 Wat is die impak van die gebruik van die lettertipe en -grootte van die eerste woord in reël 4 van Teks B? (1)

1.17 Watter diskriminasie kan hier plaasvind op grond van insluiting en uitsluiting van hierdie inligting? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die onderstaande teks en maak ŉ opsomming van **SEWE wenke hoe om positief te bly en dus langer te kan leef te midde van jou gejaagde lewe.**
- Jou opsomming moet in jou eie woorde in ŉ duidelike, sinvolle **paragraaf** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Moenie jou opsomming ŉ titel gee nie.
- Dui die **getal woorde** wat jy gebruik het, aan.

### TEKS C

**BLY SÓ POSITIEF**

Die kenners sê ons kry wat ons verwag. As jy rampe en ellende verwag, is dit wat jy gaan kry.

Kry ŉ ondersteuningsnetwerk deur positiewe vriende en familie wat die silwer randjie in die lewe soek en maklik lag wat jou kan help om by jou doelwit uit te kom. Hulle sal jou motiveer as jy wankel, maar ook jou suksesse saam met jou vier.

Die meeste van ons bestee eindelose energie aan die kwellinge oor goed waaroor ons geen beheer het nie. Ons laat toe dat dit ons motivering steel en ons verlam. Wees dus bewus waaroor jy beheer het en vergeet die res. Onthou hoewel jy nie altyd beheer het oor wat met jou gebeur nie, het jy volle beheer oor hoe jy daarop reageer.

Vier jou mylpale. Soms raak ŉ mens moedeloos wanneer jy momentum verloor. Die beste is om dan na jou beginpunt te kyk en trots te wees op hoe ver jy reeds gevorder het.

Breinspoel jouself tot jy positief vóél. As jy positiewe boeke lees en flieks kyk wat die gees versterk, sal jy ook makliker positief kan dink. Bly weg van droewige stories en tranetrekkers as jou wolkies donker lyk en kry jouself so ver om te glimlag.

As vriende jou aftrek, of jou kop vol negatiewe dinge oor die ekonomie, politiek, verhoudings en jou beste span prop, verander die geselskap of moenie saampraat nie. Bly dus weg van negatiewe mense. As jy een het wat jou gedurig bel om oor die lewe te murmureer, sny die gesprek kort.

Navorsingsresultate toon ook dat mense meer positief is wanneer hulle op probleme bedag is. Beplanning help baie hiermee. Visualiseer ŉ positiewe uitkoms sodat jy kan sien waar dinge kan skeefloop en beplan dan daarvoor.

Leer eerder uit jou foute as om dit te herhaal. Ná ŉ mislukking is dit een van die belangrikste dinge om perspektief te kry en die situasie soos ŉ buitestander te beoordeel. Dink daaroor na en skryf die oorsake van jou krisis neer, of gesels met ander wat hul wysheid en insig met jou sal deel.

[Aangepas uit *rooi rose,* Januarie 2018]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIES

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




**AVBOB** is al vir byna ŉ honderd jaar lank deel van die Afrikaanse kultuurlandskap. Ons praat jou taal, die taal waarin jy dink en werk en liefhet, die taal waarin ons almal uiteindelik tuiskom.

Die AVBOB-familie is jou familie, altyd daar in jou tyd van nood wanneer jy bystand nodig het met moeilike besluite en praktiese begrafnisreëlings, sodat jy tyd kan hê om van ŉ geliefde afskeid te neem.

**AVBOB** bied sy lede die volle spektrum van begrafnisdienste. Al die bystand persoonlike aandag en sorg wat jy nodig mag hê. Een nommer vir ál jou behoeftes

**Vir 24-uur begrafnisdiensbystand, skakel 0861 28 26 21**

AVBOB
*Ons is hier vir jou*
Sedert 1918

*Bepalings en voorwaardes geld. *Begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem.

NFDA ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

[Aangepas uit *Die Taalgenoot,* Somer 2018]

## VRAE: TEKS D

3.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.2 Gee ŉ sinoniem vir ŉ honderd jaar. (1)

3.3 Hoekom pas die visuele voorstelling by die opskrif van die advertensie? (1)

3.4 Watter wanindruk word deur die visuele voorstelling geskep? (1)

3.5 Gebruik die nodige aksentteken(s) om die onderstreepte woord in reël 6 te beklemtoon. (1)

3.6 Gebruik die homofoon van nood (reël 10) in ŉ verklarende sin. (1)

3.7 Voeg die nodige leesteken(s) wat uitgelaat is, in die sin in reël 14–16. (1)

3.8 Verklaar die gebruik van die koppelteken in reël 18. (1)

3.9 Vorm ŉ persoonsnaam van die woord “oorlede”. (1)

3.10 Verskaf die funksie van die asterisk in reël 19. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Aangepas uit *Die avonture van Kuifie,* Herge, 2007]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord in Raampie 1. (1)

4.2 Verander die laaste sin van Raampie 1 na die teenwoordige tyd. (1)

4.3 Wat is die funksie van die eerste ellips in Raampie 2? (1)

4.4 Op watter wyse gebruik die man, Kaptein Sardijn, taal om sy mag/misnoeë te demonstreer? (1)

4.5 In Raampie 3 vind ons vooroordeel op grond van kulturele verskille. Skryf die woorde(e) neer wat dit aandui. (1)

4.6 Skryf die tweede sin in Raampie 4 in die lydende vorm. (1)

4.7 Benoem die taalverskynsel in die onderstreepte woord in Raampie 5. (1)

Kopiereg voorbehou 

4.8 Bestudeer Raampie 5.

4.8.1 Watter retoriese middel word in Raampie 5 met groot effek ingespan (sodat ons duidelik die emosie in die man se woorde kan bepaal)? (1)

4.8.2 Verduidelik die konnotatiewe betekenis van die (onderstreepte) laaste sin. (1)

4.9 Is die woord "medereisigers" in Raampie 5 'n samestelling, afleiding of samestellende afleiding? (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

### KOOS SE LAASTE DINK BY HOMSELF

1 Nataniël dek ŉ tafel soos ŉ tafel gedek moet word.

2. Om só met tafeldek te maak sê iets. Dit sê jy weet dat daar meer in die lewe is as die (5.2) sogenaamde noodsaaklike en dringende. (5.3) Wanneer jy met toewyding jou tyd en aandag en liefde gee aan wat deur ander as moeite beskou word, praat jy met hulle wat so rondskarrel dat daar (5.4) selde tyd is vir tafeldek met die hart.

3 (5.5) ŉ Tafeldek soos Nataniël s'n herrangskik die prioriteitslys van die hart. Dié tafeldekker weet dat die lewe kort is. Dit sê jy weet dat tyd altyd ŉ besitting is met meer waarde as enige ander besitting.

4 Dek ŉ tafel met liefde en jy sal weet jy kan dit nie haastig doen nie. Tafeldek (5.6) konfronteer jou met hoe jy leef en wat vir jou belangrik is. Dis die belangrikste ontmoeting van die dag – eer dit met tyd en aandag – om ŉ gedekte tafel. Hier word elkeen gehoor en gesien en gevoed met meer as die gereg op jou bord.

5 Die kunswerk van ŉ gedekte tafel word juis geskep om vernietig te word. Die tafeldekker sien met vreugde toe hoe sy skepping (5.7) ... flarde gekuier word en word beloon met (5.8) herhinneringe: die lieflike lawaai en (5.9) wanorde van die (5.10) bederfde tafel, die gekuierde tafel.

[Aangepas uit: *SARIE.com*, Oktober 2016]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Benoem die taalverskynsel wat voorkom in die opskrif. (1)

5.2 Verskaf die afkorting van die onderstreepte woord in paragraaf 2. (1)

5.3 Identifiseer die eerste woord in die onderstreepte sin wat ŉ diftong bevat. Skryf die woord neer en onderstreep slegs die diftong. (1)

5.4 Skryf die antoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 2 neer. (1)

5.5 Herskryf die eerste sin in paragraaf 3 in die ontkennende wyse. (1)

5.6 Verander die onderstreepte woord na ŉ abstrakte selfstandige naamwoord. (1)

5.7 Skryf slegs die voorsetsel wat in paragraaf 5 ontbreek, neer. (1)

5.8 Verbeter die spelfout. (1)

5.9 Wat is die betekenis van die voorvoegsel/premorfeem/prefiks? (1)

5.10 Vervang die woord met ŉ sterk verlede deelwoord en gebruik die woord in ŉ verklarende sin sodat die betekenis duidelik lyk. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou